17 Oktober 2009

WERK MAAK STERK ÉN GEE SOMS DIVIDENDE

Die warm debat oor arbeidsmakelaars tussen die vakbonde en die sakesektor het nou kookpunt bereik.

Die groot vraag is of arbeidsmakelaars uitbuiters van desperate werklose Suid-Afrikaners is en of hulle ’n onmisbare diens aan sleutelsektore in die ekonomie bied wat ongeskoolde werkers help om die arbeidsmark te betree.

Die National Union of Metalworkers (Numsa) het al ’n beroep op die ANC gedoen om arbeidsmakelaars te verbied omdat hy meen dat hulle arm mense uitbuit en nie “betaamlike” werk aan hulle bied nie.

Hierteenoor word ’n stelsel van selfregulering, registrasie en ’n gedragskode deur opponerende partye voorgestel.

Die minister van arbeid meen dat arbeidsmakelary eenvoudig verbied moet word aangesien dit nie deur wetgewing ondersteun word nie en werkers uitbuit.

Politieke opposisiepartye erken dat uitbuiting wel voorkom, maar meen dat probleme eerder opgelos moet word as om arbeidsmakelary eenvoudig te verbied, wat dit ondergronds sal dryf en die uitbuiting sal laat vererger. Dit kan ook aanleiding gee tot die verlies aan werkgeleenthede.

Arbeidsmakelaars kan wel ’n nuttige diens lewer en behoort toegelaat te word om met hul diens voort te gaan, mits hulle nie die bedryf se selfgereguleerde norme en standaarde oortree nie wat juis ingestel is om uitbuiting te voorkom.

Arbeidsmakelaars speel ’n prominente rol in die ekonomie deur werkskepping te koördineer en werkers op te lei en hulle help sake-ondernemings om op die doeltreffendste manier sake te doen.

Die bedryf het ’n omset van meer as R23 miljard per jaar en plaas daagliks meer as 500 000 tydelike werkers by ondernemings.

Aan die ander kant van die spektrum is daar werkskeppingsagentskappe wat as maatskappye werkers by beskikbare werkgeleenthede uitbring.

Hoewel daar soms oorvleueling tussen ’n werkverskaffingsagentskap vir tydelike werkers en ’n werwingsfirma is, kan die twee tog onderskei word. So kan tydelike werkers later permanent aangestel word, of ’n maatskappy kan besluit om ’n werker eers vir ’n proeftydperk aan te stel.

Deur die grootste deel van die 20ste eeu is private werkskeppingsagentskappe ingevolge internasionale wetgewing nie heeltemal as wettig beskou nie. Om misbruik deur private agentskappe te voorkom, is egter aanvaar dat hul bedrywighede streng gereguleer moet word. In die meeste lande is dit nou wettig, maar dit word gereguleer.

Kelly Group is ’n voorbeeld van ’n maatskappy wat indiensnemingsoplossings oor ’n wye reeks sektore – kantoorpersoneel, die bankwese, die finansiële en versekeringsektor, verkope en bemarking, tegnies, die korporatiewe sektor, telekommunikasie en semistaatsinstellings – aan maatskappye bied.

Hoewel hy in die ses maande tot Maart as gevolg van ekonomiese toestande nie juis opwindende resultate behaal het nie, is Kelly nietemin ’n goeie maatskappy met ’n indrukwekkende opbrengs op ekwiteit.

Teen ’n bewegende prys-verdienste-veelvoud van 7,3 en 2,2 keer sy netto batewaarde lyk sy aandeel goedkoop. Die sektore waarin hy bedrywig is, is egter nou gekorreleer met algemene ekonomiese toestande. Gegewe verwagtinge dat ekonomiese toestande op kort termyn nie drasties gaan verbeter nie, behoort net beleggers met ’n aptyt vir spekulasie in dié stadium die aandeel te oorweeg.

Die aandeel word verder deur ’n relatief hoë dividendopbrengskoers van 6,9% ondersteun.

Volgens Kelly se tegniese grafiek het sy aandeelprys van ’n laagtepunt van 300c in Maart vanjaar tot sowat 530c verbeter, waar die prys nou weerstand ondervind.

Terwyl dit bo sy bewegende gemiddeldes verhandel en die tendens beeragtig voorkom, is dit oorgekoop.

’n Daling op die rug van winsneming tot tussen 450c en 430c kan verwag word.

- Shaun van den Berg is tegniese hoofontleder van PSG Online.